

Vrydag 2

SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:23-29

FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:27, 28

**Sadok – Sê wat jy sien**

**D**ie priester Sadok (regverdig) uit die geslag van Levi (1 Kron. 6:8) is een van Dawid se getroue volgelinge. 'n Krisis breek in Jerusalem uit. Dawid se seun Absalom pleeg paleisrevolusie. Dawid besluit om te vlug. Die wettige koning, die man na God se hart, kies koers na die Jordaan. Op pad uit Jerusalem betreur menige inwoner van Jerusalem die hartseer verloop van sake. Die hele land (stad) het hardop gehuil (vs 23).

By die uitgang van Jerusalem staan die priester Sadok en al die Leviëte, mét die verbondsark van God. Hulle wil saam met Dawid vlug. Hulle redeneer: die ark van God hoort by die wettige koning. Dawid se reaksie hierop is merkwaardig. Hy bind die ark nie aan hom nie, maar hy verbind sy toekoms aan die ark. Die ark sal nie gaan waar hy gaan nie, maar hy sal gaan waar die Here hom stuur. Intussen moet die ark op sy regmatige plek teruggesit word. Dit mag nie weer wees soos in die dae van Hofni en Pinehas toe die ark vir die selfsugtige doel van die volk misbruik is nie (1 Sam. 4).

Daarmee saam kry priester Sadok 'n opdrag. “U is 'n siener” (OAV). Dit beteken: “Jy sien hoe sake in Jerusalem verloop” (NAV). Dit word jou opdrag om alles wat God laat gebeur, aan my bekend te maak. Jy en jou seun word boodskappers van God se werke. Julle moet my op hoogte hou van dit wat die Here gaan doen.

Sadok het gehoorsaam op koning Dawid se bevel gereageer. Hy en Abjatar het die ark van God na Jerusalem teruggebring waar dit hoort. Daar het hulle gebly en hulle priesterdiens verrig. Van daar het hulle boodskappe na Dawid gestuur om die vluggende koning op hoogte te hou van alles wat in Jerusalem gebeur.

Geen enkele woord van dit wat Sadok gesê het, staan in die Skrif opgeteken nie. Tog moes hy baie gesê het. Nie alle kinders van God is sprekers op podiums en agter kateders nie, mense wie se woorde iewers gepubliseer word nie. Tog word almal geroep om oor die groot werke van God deur Christus, in die lewe van sy kinders te praat.

Hou aan daarmee: in die gesin, teenoor die kinders, met jou eggenoot, saam met jou vriende. Sê wat jy in die Bybel lees van God se goedheid en wat jy oral daarvan sien.

*Sing: Psalm 145:3 (1936)*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*